# LUNSKLIP
sedert 1962

28 Januarie 2026

Beste Voortrekker- en Lunsklipvriende

**28 Maart – 5 April 2026 Senior Verkenners**
**31 Maart – 5 April 2026 Junior Verkenners**
Ons kamp vanjaar vir die tweede keer op ons pragtige nuwe kampterrein aan die voet van die Houtbosberg, in die Wolkberge naby Mooketsi.
Ons het die afgelope jaar hard gewerk om die terrein te verbeter en 'n ablusieblok te bou.
Kom beleef die kamp waar 'n 64 jaar oue ideaal nog elke jaar gedien word deur avontuurlike aktiwiteite vir Verkenners in die wonderskone natuur aan te bied.

**Senior Verkenners**
- **Selfbehoud (graad 11, of 12 indien dit nie in graad 11 gedoen is nie)**

Selfbehoud is die rede waarom Lunsklip in 1962 begin is. Dis 'n hoogtepunt in 'n senior Verkenner se loopbaan.
- **Buitegroep (graad 12)**

Buitegroep is uniek aan Lunsklip en slegs beskore vir Verkenners wat die toets van Keurkamp deurstaan het.
- **Kampbeveiliging en Dienaar-leier (graad 10)**

'n Aksiebelaaide kursus vol pret waar Verkenners hulle leierskapvaardighede op 'n praktiese wyse kan ontwikkel.
- **Jagkuns en Wildbeheer (gr 10)**

'n Splinternuwe gr 10– kursus vir slegs 10 Verkenners.

Junior Verkenners
- **Veldwagter en Vuurwapens (graad 9)**

Vir die Verkenner wat lief is vir die veld en wildlewe en ook graag wil leer om verskillende vuurwapens veilig op 'n skietbaan te kan hanteer.
- **Voetslaner en Kaart, kompas en satelliet (graad 9 -10)**

Drie dae se sorgvrye stap in 'n omgewing wat net vir Lunsklippers beskore is.
- **Veldvernuf en Verfbal (graad 8)**

Die ideale kursus om 'n Verkennerloopbaan mee te begin. Avontuur en kultuur in die natuur!
- **Veldstudie en Sweepkuns (graad 8)**

Vir die nuwe Verkenners wat eerder 'n sweep wil leer vleg as om met 'n verfbal geskiet te word.

**Volwasse lede**
- **Veldwerkspesialisering (Veldwerksterretjie)**

'n Kursus spesiaal vir volwassenes vol pret waar jy baie leer oor die kamp en die natuur.
- **Kursusaanbieders, groepoffisiere of kombuisgroep**

Volwasse lede wat betrokke wil raak, kontak asseblief dadelik vir Janie van Heerden.

- **Taakmag (Verkenners en volwassenes)**

Skryf gerus in indien jy graag diens wil lewer in 'n baie spesiale en belangrike groep op die kamp.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Buitegroep | Gr 12 | Op uitnodiging | 28 Maart – 5 April | R1300 |
| Selfbehoud | Gr 11 | Geen getalbeperking | 28 Maart – 5 April | R1300 |
| Taakmag | Gr 11, 12 | Geen getalbeperking | 28 Maart – 5 April | R1000 |
| Kampbeveiliging & Dienaar-leier | Gr 10 | Slegs 24 | 28 Maart – 5 April | R1400 |
| Jagkuns & Wildbeheer | Gr 10 | Slegs 10 | 28 Maart – 5 April | R1450 |
| Veldwagter & Vuurwapens | Gr 9 | Slegs 30 | 31 Maart – 5 April | R1350 |
| Voetslaner & Kaart, kompas en satelliet | Gr 9 | Slegs 30 | 31 Maart – 5 April | R1350 |
| Veldvernuf & Verfbal | Gr 8 | Slegs 30 | 31 Maart – 5 April | R1300 |
| Veldstudie & Sweepkuns | Gr 8 | Slegs 30 | 31 Maart – 5 April | R1300 |
| Veldwerkspesialisering (Sterretjie) vir volwassenes | | | 28 Maart – 5 April | R1200 |
| Kursusaanbieders en ander volwassenes | | | 28 Maart – 5 April | R900 |
| Kursusaanbieders en ander volwassenes (Juniors fase) | | | 31 Maart – 5 April | R800 |

- Kostes sluit ‘n **kamphemp met vanjaar se unieke embleem op,** in.
- **Busvervoer** is beskikbaar teen **R650** per persoon vanaf die **Voortrekkermonument**, Pretoria.
- Die kamp vind in die Mooketsi-omgewing, tussen Pietersburg en Tzaneen, plaas.
- **Tente** word vir alle Verkenners verskaf, maar volwassenes sorg vir hulle eie huisvesting. Geen Verkenners bring hulle eie tente nie.
- Skryf voor **2 Maart 2026** in by **https://skryfin.voortrekkers.co.za/.**
- Kansellasies is onderhewig aan 'n heffing vir kostes reeds aangegaan.
- **’n Inligtingsbrief met verdere besonderhede sal na die sluitingsdatum aan elke persoon ge-e-pos word**.
- Rig alle navrae aan die Adjunk-Kampleier: Administrasie, Janie van Heerden by lunsklipkamp@gmail.com of 082 582 6354. **Ook navrae m.b.t. die beskikbaarheid van borge vir Verkenners en volwassenes met finansiële uitdagings.**

Besoek gerus ons webwerf by www.lunsklip.org.za of sluit aan by ons Facebook-groep Lunsklip.

**Malan le Roux**
Kampleier
Sel: 071 609 5167
**wees meer, wees daar, daar is net een**